# LEEF JOU REIS
MET GERRIE PRETORIUS



# 2026 | André Rieu
28 Junie – 4 Julie 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



## ‘n Musikale skouspel wat jy nooit sal vergeet nie.

Kom kuier saam tydens ‘n onvergeetlike romantiese aand in Maastricht saam met die “Koning van Wals”, André Rieu, en sy beroemde Johann Strauss Orkes. Die antieke stadsplein van die oudste stad in Nederland vorm die agtergrond vir ‘n musikale skouspel wat jy nooit sal vergeet nie.






# DAG 1: Sondag, 28 Junie 2026

## Johannesburg

Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe vanwaar ons na die land van tulpe, kaas, klompe en kultuur vertrek! Wenk: Vlieg in gemaklike somersklere en stapskoene (of pak dit in jou handbagasie).

**(Alle etes aan boord)**

# DAG 2: Maandag, 29 Junie 2026

## Amsterdam

Welkom in Amsterdam! Ons arriveer vroeg in Amsterdam en verken eers die onmiddelike omgewing van ons sentraal-geleë hotel voordat ons inboek. Daarna besoek ons die kleinste restaurant in Europa – 'n eg tradisionele pannekoekhuis wat bekend is vir die lekkerste pannekoek wat jy al ooit geproe het.

Terug by die hotel kry ons 'n tydjie om te ontspan, voordat ons mekaar vir aandete in 'n tipies Hollandse restaurant ontmoet, vernoem na die beroemde skilder Rembrandt van Rijn, wat diep met die stad en sy geskiedenis verbind is. Hier ontdek ons stamppot – 'n tradisionele Nederlandse gereg van gestampte aartappels en gekookte groente, dikwels bedien met rookvleis of wors. Ons klink 'n glasie saam op 'n onvergeetlike reis wat voorlê.

**Oornag: Hotel Motel One, Waterlooplein 3***

**(Pannekoek, verwelkomings-ete en drankie)**





# DAG 3: Dinsdag, 30 Junie 2026

## Amsterdam

Vandag kan jy die stad op jou eie verken. Die Leef Jou Reis-span is deurentyd byderhand met raad, rigting en voorstelle. Besoek die Rijksmuseum waar die werke van Rembrandt van Rijn en ander groot Renaissance-meesters soos Vincent van Gogh en Johannes Vermeer op jou wag of besoek die Anne Frank Huis en word meegesleur deur die hartroerende storie van Anne Frank en haar ontberinge tydens die Tweede Wêreldoorlog. Jy kan ook 'n fiets huur en die fietsroete deur Vondelpark neem, 'n heerlike piekniek in die park geniet of die blommemark besoek.

Later neem die Leef Jou Reis-span jou op 'n kulturele staptog na 'n kulinêre ervaring by die Bruin Kafees. Hierdie sogenaamde stamcafés bestaan al vir bykans 400 jaar, en dit is hier waar jy saam met die plaaslike inwoners 'n bier en 'n bitterbal kan geniet of dalk 'n regte Hollandse jenever kan probeer.

Namiddag kry jy kans om die stad verder op jou eie te verken, voordat ons weer bymekaar kom vir 'n ontspanne bootrit op die pragtige kanale van Amsterdam. Terwyl ons vaar, sien ons bekende landmerke en hoor ons dat die stad oorspronklik op moerasagtige grond gebou is, met honderde houtpale wat diep in die grond geslaan is om die geboue te ondersteun

Vir aandete kan jy self 'n lekker restaurant uitsoek of by een gaan eet wat deur ons span aanbeveel word.

**Oornag: Hotel Motel One, Waterlooplein 3***

**(Ontbyt, Ligte versnaperings en drankie by Bruin Kaffee en op boot)**





## DAG 4: Woensdag, 1 Julie 2026

### Maastricht

Dalk was dit 'n laat aand vir jou en daarom vat ons dinge vanoggend rustig met 'n lekker ontbyt en 'n ekstra koppie koffie voor ons na die pragtige stad van Maastricht vertrek.

Die stad is ongeveer drie ure se ry vanaf Amsterdam, maar oppad na Maastricht wag 'n verrassing op jou: 'n stilhouplek waar tradisionele houthuise langs 'n kabbelende rivier staan en windmeulens stadig draai...

By Maastricht aangekom, boek ons in by die hotel en kan jy die res van die middag en aand gebruik om Maastricht op jou eie te verken. Dit is die oudste stad in Nederland (gestig deur die Romeinse Ryk) en jy sal beslis jou kamera byderhand wil hou! Geniet die skilderagtige strate in die Stokstraatkwartier, die bekoorlike Onze Lieve Vrouweplein en natuurlik die bekende Vrijthof-plein van die ou stad. Die stadsmure, die Helpoort en die Jekerkwartier is ook 'n besoek werd. Vir aandete stel ons een van die pragtige straatkafees voor.

**Oornag: Amrâth Grand Hotel de l'Empereur 4* (Ontbyt)**

## DAG 5: Donderdag, 2 Julie 2026

### Maastricht

Vandag gaan jy met groot opwinding en 'n lied in die hart opstaan want 'n besonderse musikale ervaring lê vir jou voor!

Die "Koning van Wals", André Rieu, het sy eerste viool op 5-jarige ouderdom opgetel en toe sy eie orkes gestig. Hy het al meer as 35 miljoen albums verkoop en woon deesdae saam met sy gesin in 'n 15de-eeuse kasteel in Maastricht!
Ons verken Maastricht op ons eie pas (verkieslik 'n wals!). Dalk wil jy 'n André Rieu-toer meemaak en sien waar sy pa, Andries Antonie Rieu, die Maastricht-simfonieorkes gedirigeer het, of dalk wil jy die Middeleeuse geskiedenis van Maastricht beter leer ken.

**€1 995** Per persoon wat deel*
**€2 695** Per enkelpersoon (indien beskikbaar)*

Hoe dit ook al sy – jy sal vinnig die ou stad en Vrijthof, waar vanaand se groot konsert gaan plaasvind, leer ken.

Ons ontmoet mekaar vroegaand by 'n voorafbespreekte restaurant vir 'n vroeë aandete, waarna ons vertrek vir 'n onvergeetlike aand van walse saam met André Rieu en die Johann Strauss Orkes. Ons sitplekke is puik (kategorie A1), die orkes is altyd slaggereed en die atmosfeer met afwagting gelaai. Hierdie aand gaan jou altyd bybly – en wees maar gereed want iewers gaan daar gewals word!

**Oornag: Amrâth Grand Hotel de l'Empereur 4* (Ontbyt en aandete)**





## DAG 6: Vrydag, 3 Julie 2026

### Brussel

Vandag reis ons na Brussel, die stad van moules-frites (mossels bedien met aartappelskyfies) en Manneken Pis. In België is daar meer as 1 500 verskillende soorte bier, en jy het meer as genoeg tyd om een (of drie) te proe voordat ons later die aand vir ons vlug huiswaarts aanmeld. Ons gaan ook gidse hê wat ons op 'n staptoer deur Brussel neem en vir ons die indrukwekkende Grote Markt (Groot Square) gaan wys. Dit was 'n onvergeetlike paar dae wat begin het in Amsterdam met die André Rieu-konsert as hoogtepunt. Ons keer terug huis toe met nuwe vriende en 'n hart wat oorloop van mooi melodieë en herinneringe vir 'n leeftyd.

**(Ontbyt en alle etes aan boord)**

## DAG 7: Saterdag, 4 Julie 2026

### Johannesburg

Welkom terug in Suid-Afrika!

# André Rieu

28 Junie – 4 Julie 2026

**€1 995** Per persoon wat deel*
**€2 695** Per enkelpersoon (indien beskikbaar)*

## Pakket Sluit In

- 4 nagte hotelverblyf (bed en ontbyt)
- Lughawevervoer in luukse bus (indien van groepsvlugte gebruik word)
- Verwelkomingsaandete en drankie in Amsterdam
- Staptoer in Amsterdam saam met Leef Jou Reis vir 'n drankie en bitterballen
- Kanaalvaart in Amsterdam met peuselhappies en 'n drankie
- Luukse busvervoer vanaf Amsterdam na Maastricht
- Kategorie A1-kaartjie na die André Rieu-konsert op die aand van 02 Julie 2026
- Aandete in Maastricht
- Plaaslike gidse in Amsterdam en Brussel
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Amsterdam/Brussel
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Visumaansoek
- Middag- en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies
- Fooitjies

## Dinge Om Te Onthou

- Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig 'n Schengen-visum wat nie by die prys ingesluit is nie. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 4 Januarie 2027).
- Voorkeur word gegee aan besprekings wat eerste gemaak is.
- In die verlede het ons net heerlike weer beleef, maar bring gerus klere vir koeler aande en skielike weersveranderinge saam.
- Die reisplan kan gewysig word na gelang van die besluit van die toeroperateurs en ook gebaseer op veiligheid.



# André Rieu

28 Junie – 4 Julie 2026

**€1 995** Per persoon wat deel*
**€2 695** Per enkelpersoon (indien beskikbaar)*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die André Rieu-toer te verseker:

### STAP 1

Laat weet ons of jy hierdie opwindende toer wil meemaak, en stuur vir ons jou e-posadres en selfoonnommer. Ons sal dan die besprekingsvorm stuur wat jy moet voltooi en terugstuur saam met 'n afskrif van jou paspoort en bewys van betaling van die deposito na leefjoureis@twf.co.za.

### STAP 2

Hierdie reisplan is baie volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus asseblief seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of 'n whatsapp na 082 923 3626 – ons help graag.

### STAP 3

Raak solank opgewonde en begin uitsien na 'n ongelooflike musikale reis!

## Deposito

- Die deposito van R7 500 waarborg jou plek en is nie terugbetaalbaar nie, aangesien jou deposito en administrasiefooi oorbetaal word aan ons verskaffers om ons groepsbespreking te waarborg. Lees asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R15 000,00 is teen 15 Desember 2025 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is teen 31 Maart 2026 betaalbaar.
- Die wisselkoers is gebaseer op €1 = R22 sodat ons alle kostes en wisselkoersverskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal deur die bedrag en datum waarop ons ons verskaffers betaal. Sou die wisselkoers verswak, sal die prys dienooreenkomstig op die finale faktuur aangepas word. Pryse is gebaseer op EFO (EFT)-betalings.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: ANDRE26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**€1 995 Per persoon wat deel*** | **€2 695 per enkelpersoon (indien beskikbaar)***

*Let daarop dat die aantal enkelkamers beperk is en dat dit in sommige gevalle dalk nie moontlik is om 'n enkelkamer te bespreek nie.

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair** At your service! site IATA www.twf.travel | 0861 777 747 ASATA TWF